# 20 Ave Maria gratia plena




Kyk, uit u word ‘n Kindjie gebore,
tot Heiland van hemel en aard’ uitverkore,
u sal nou die Seun se moeder wees.

Hemelse Vors, hoe sal dit gebeur,
o laat my die boodskap se mening bespeur,
u weet dan ek geen man beken.

Neerdalend sal Gods Gees oor u swewe,
die krag uit die hoogte verwek in u lewe,
want  net so wil God gebore word.

Toe sê Maria: God is verhewe,
ek is maar die diensmaagd wat net vir Hom lewe,
mag dit dan gebeur soos u gesê.

Onbekend Onbekend